# DIENSNUUS

ONS GEE GOD SE
HOOP EN LIEFDE AAN

**<u>Sondag 6/10</u>**

**DANKOFFERSONDAG**

**BIDDAG VIR DIE BEDIENING AAN DIE JODE**

**09:30 Erediens/Kategese**

Deuroffer: Alta du Toit Nasorg

Diensbeurt: Freesia

**<u>Maandag 7/10</u>**

19:00 Kerkraadsvergadering

**<u>Sondag 13/10</u>**

**09:30 Erediens/Kategese**

**Katgese Heidehof kuier**

**Gr10-11**

Deuroffer: Gemeente Studiefonds

Diensbeurt: Fynbos

**<u>Sondag 20/10</u>**

**Dankdag in die Overberg**

**Biddag vir**

**Gesondheidsdienste**

**9:30 Erediens/Kategese**

**Matriekboksies**

Deuroffer: Badisa

Diensbeurt : Goudini

## DANKOFFERSONDAG

Ons beleef baie seën en wil graag seën uitgee. Ons benodig asb julle hulp. Enige kosprodukte kan kerk toe gebring word(dit word tydens kollekte in Spar mandjies gesit) of dit kan by kerkkantoor afgee word. Baie dankie

Dankdag in die Overberg!

Hierdie tyd van die jaar is ons jaarlikse dankdag in die Overberg. Ons bedink weer ons lewens en bedrywighede in terme van dank. Hoeveel is ons dankbaar vir wat ons het. Hoeveel is ons dankbaar vir wat ons nie het nie. Ons dink aan ons gesinne en ons besighede. Ons dink aan ons plase en ons landerye en vee. Daar is soveel om voor dankbaar te wees, te midde van te min reën, of te veel reën, of gesondheid en soms selfs ook siekte. Waarvoor is jy vandag dankbaar? Maak bietjie `n lys as jy dalk jouself bevind in `n tyd wat dankbaarheid moeilik kom.

Ek deel twee stories met julle wat ek raakgelees het op die internet.  Dan `n vraelys toets waarmee jy jouself bietjie kan toets.

Daar word vertel van `n skoenfabriek in Amerika wat twee bemarkingsagente na ŉ sekere gebied in Afrika gestuur het om besigheidsmoontlikhede daar te gaan ondersoek. Nadat hulle bietjie rondgekyk het, het een van hulle ewe mismoedig ŉ boodskap na die fabriek teruggestuur: "Situasie hopeloos. Niemand dra skoene nie". Die ander een was weer baie opgewonde oor wat hy alles waargeneem het en sy boodskap het so gelui: "Wonderlike besigheidsgeleentheid. Niemand het skoene nie".

Perspektief het `n baie groot invloed op ons dankbaarheid.

Eendag het ŉ welgestelde pa sy seun na die platteland gevat met die doel om sy seun te wys hoe arm mense lewe. Hulle het ŉ paar dae spandeer op ŉ plaas wat die pa beskou het as ŉ baie arm gesin. Op pad terug huis toe vra die pa vir sy seun: "En wat het jy alles geleer?" Die seun het gesê: "Dit was eenvoudig net wonderlik, Pa." "Het jy toe gesien hoe arm mense lewe?". vra die pa "O ja", antwoord die seun. "En wat het jy alles geleer?", vra die pa. Die seun het geantwoord: "Ek het gesien dat ons net een hond het, maar hulle het vier. Ons het ŉ swembad in die middel van ons tuin, maar hulle het ŉ hele rivier sonder ŉ einde. Ons het ingevoerde lampe in ons tuin, maar hulle het elke nag die helder sterre. Ons het ŉ patio in ons binnehof, maar hulle het ŉ hele horison sonder einde. Ons woon op ŉ erf in die stad. Hulle het landerye wat eindeloos uitstrek. Ons het bediendes om ons te bedien, maar hulle dien mekaar. Ons het mure rondom ons erf om ons te beskerm. Hulle het vriende wat hulle beskerm. Ons koop ons kos in die supermark. Hulle kweek hulle kos op hul eie grond". Die pa was eenvoudig net sprakeloos! En die seun het afgesluit: "Baie dankie dat Pa vir my geleer het hoe arm ons is."

Kom ons dink bietjie weer oor wat alles ons voor dankbaar kan wees!

Gebruik die skaal hieronder en dui aan in hoe 'n mate jy met elke stelling saamstem:

As jy ŉ telling van 35 of laer behaal het, is jy in die onderste kwart (0-25%) van die steekproef in terme van dankbaarheid – baie lae dankbaarheid.

As jy ŉ telling tussen 36 en 38 behaal het, val jy in die onderste helfte (26 -50%) van die mense wat die vraelys ingevul het – lae dankbaarheid.

As jy ŉ telling tussen 39 en 41 behaal het, is jy in die boonste kwart (51-88%) – hoë daakbaarheid.

As jy ŉ telling van 42 behaal het is jy in die boonste een agste (12%) – baie hoë dankbaarheid.

Bitter min mense behaal laasgenoemde telling.

| | Stellings | Verskil Sterk | Verskil | Verskil in ‘n mate | Neutraal | Stem in ‘n mate saam | Stem saam | Stem geheel en al saam |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Ek het so baie in die lewe om voor dankbaar te wees | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 2. | As ek alles moet opnoem waarvoor ek dankbaar is, gaan dit ‘n baie lang lys wees | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 3. | As ek na die wêreld kyk, sien ek nie veel om voor dankbaar te wees nie | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 4. | Ek is dankbaar teenoor ‘n hele klomp mense | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 5. | Soos wat ek ouer word, vind ek dat ek baie meer dankbaar is vir mense, gebeure en situasies in my lewe | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 6. | Dit kan nogal taamlik lank vat voordat ek weer dankbaar voel oor iets of iemand in my lewe | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

## Telling van jou stellings

1. Tel jou antwoorde se getalle vir 1,2, 4 en 5 bymekaar.
2. Keer die tellings vir items 3 en 6 om. Byvoorbeeld, as jy jouself ‘n 7 gegee het (stem sterk saam), gee jouself nou ‘n telling van 1 (verskil sterk); As jy jouself ‘n telling van 6 gegee het (stem saam), gee jouself nou ‘n telling van 2 (verskil), of as jy jouself ‘n telling van 5 gegee het (stem in ‘n mate saam), gee jouself nou ‘n telling van 3 (verskil in ‘n mate), ‘n telling van 4 bly 4 (neutraal en kan nie omgekeer word nie).
3. Voeg die omgekeerde tellings vir items 3 en 6 by die totaal (d.w.s. die totaal van stap 1). Dit is jou Totale Dankbaarheid-Kwosiënt-6 telling. Jou telling moet iewers tussen 6 en 42 val.

| Jou telling | |
|---|---|

# Voorbidding

- Lohette de Wet (Freesia)
- Riette Steyn (De Kuil)
- James Smal (Diepgat)
- Kitty Louw (Fynbos)
- Barendes Groenewald (Sentrale)

**Baie geluk!**
**Geniet julle dag.**

| Noemnaam | Van | Verjaardag | Selfoon |
|---|---|---|---|
| Mila Lienke | Du Toit | 10/04 | |
| Neena | Willemse | 10/04 | 27795122944 |
| Japie | De Kock | 10/05 | 27825661555 |
| Jc | Rabie | 10/05 | 27832364464 |
| Lampie | Fick | 10/06 | |
| Annalies | Jackson | 10/06 | |
| Marolien | Kellerman | 10/06 | |
| Maureen | De Jager | 10/07 | 27833428027 |
| Zandré | Niemand | 10/07 | 27711919790 |
| Elisna | Badenhorst | 10/08 | 27845823242 |
| Stiaan | Colyn | 10/08 | |
| Annelet | De Kock | 10/08 | |
| Charlotte | Law | 10/08 | |
| Rita | Lötter | 10/08 | |
| Christopher | Lourens | 10/08 | 27833054462 |
| Shireen | Rabie | 10/08 | 27764550735 |
| Chanté | De Bruyn | 10/09 | 27824467220 |
| Bianca | Dwyer | 10/10 | 27825997631 |
| Miné | Ellis | 10/10 | |
| Chris | Mitchell | 10/10 | 27829217600 |
| Hannetjie | Du Plessis | 10/11 | 27732701978 |
| Andri | Fick | 10/11 | |
| Leandré | Boshoff | 10/12 | |
| Jan | De Waal | 10/12 | 27828099866 |
| Henco | Crous | 10/13 | |
| Ian | Van der Merwe | 10/13 | 27834561949 |

**Preeknota's** 6 Oktober 2024

**Teks**:Lukas 2:25-40

**Tema**: My plek naby God

Die laaste kwartaal gee ons die nuwe kans om te hoop – hoop wat nie beskaam nie (Rom.5:30.Antwoord die volgende vrae en dink aan jou lewe in God se aangesig.

Waarna sien jy opnuut uit die kwartaal?

Waarvoor is jy dankbaar?

Hoe gaan jy die kwartaal, elke dag nuut getuig oor Jesus?

Wat is jy tans besig om te lees/luister/leer in jou verhouding met God?

Het jy tyd om by die "tempel" te wees?

Dink aan 'n voorbeeld uit God se woord oor hoe van Sy kinders uitdagings hanteer het en steeds getrou gebly het (Iemand soos Daniël bv)

# Laerskool Jongensklip
# -100 jaar feesviering-

Die naweek van 4 tot 6 Oktober word daar behoorlik fees gevier!!!

Kom dans!!!
Vrydagaand, 4 Oktober
19:00-22:00
R30 volwassenes
R10 LS Jongensklip leerders

Sondagoggend, 6 Oktober
Ons sluit die naweek af met n kerkdiens om 10:00 in die saal, Jongensklip.

## Saterdag, 5 Oktober

Fietsry, R10 pp
Toutrek, span van 6 @R30
Kettie-skiet, R5

Braai (hoender gun, bun en 2 slaaie), R80

Paalklim, R50
Stalletjies, R150

Potjiekoskompetisie, spanne van 4 @ R50 per span

Waterglybaan
Gesigverf
Gaskunstenaar
Vark lootjie trekking

KASKAR RESIES, plaas teen plaas
R40 per span

# So hou ons kontak!

**Kerkkantoor: 028 212 1202**
**ngkcaledon@twk.co.za**

**Kantoor Whatsapp-nommer:**
**072 807 3192**

**Ds. Dewald du Toit:**
**028 212 1332 |082 940 4901**
**dutoitdewald@yahoo.com**

**Ds. Willem Lubbe:**
**082 718 7298**
**willemlubbe@hotmail.com**

**Webblad: ngcaledon.co.za**

**Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente**

**Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,**
**NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229**
**Takkode: 183509**



Snap here to pay
SnapScan

**Kerkkantoor is oop vanaf :**

**Maandag-Donderdag 7:00AM-1:00PM- 2:00pM-3:30PM**

**Vrydae 7:00AM-1:00PM**

# Caledon Kersmark

'n Fees van geskenke

**28 Oktober - 2 November 2024**

NG Moedergemeente Kerksaal

| | |
|---|---|
| **Maandag :** | **14:00 - 19:00** |
| **Dinsdag - Donderdag :** | **09:00 - 18:00** |
| **Vrydag :** | **09:00 - 19:00** |
| **Saterdag :** | **09:00 - 14:00** |

**Navrae:**
**Chrisna Delport - 082 944 4505**

KOM KUIER SAAM BY CALEDON KERSMARK -
**ALMAL WELKOM!**




Afsnydatum 11 Oktober

Baie dankie